# Laerskool GERICKE Primary

Owenstraat 37 | Ceres | 6835
Telnr.: 023-312 1110 | Faksnr.: 023-316 1924
E-pos: admin.gericke@lando.co.za | Webwerf: http://lsgericke.com


## GODSDIENSBELEID

**Hersien: Mei 2024**

Die verskillende godsdienste in ons land word erken deur die Grondwet van Suid-Afrika (Wet No. 108 van 1996) asook Artikel 7 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, No. 84 van 1996. Hierdie wette beskerm elke individu teen enige vorm van diskriminasie op grond van hul geloof. Skoolbeheerliggame het ook toestemming om die aard van Godsdiens feesvieringe te bepaal op voorwaarde dat sodanige feesvieringe op 'n billike manier plaasvind en dat bywoning vir die leerders en personeel vry en vrywillig moet wees.

### 1. DOEL

Omdat ons in 'n demokratiese bestel is, word godsdienstige verdraagsaamheid in ons skool bevorder en aangemoedig sonder om enige persoon aanstoot te gee.'n Verdere doel van godsdiens is om die wyse of manier van godsdienstige waarnemings te bepaal. Laerskool Gericke is trots op ons Christelike etos en sal daagliks daarvolgens handel, maar sal nie teen leerders, personeel, ouers en rolspelers diskrimineer wat nie die Christelike geloof aanneem nie.

### 2. VISIE

Die personeel, leerders en ouers sal die nodige respek hê vir enige ander geloof anders as sy/haar eie geloof.

### 3. WAARNEEMBARE GODSDIENSTIGE GELOWE

Die skool sal die volgende godsdienste en denominasies amptelik waarneem en uitoefen:

3.1 Die insluiting van alle gelowe en denominasies.

3.2 Wanneer godsdienstige byeenkomste by die skool aangebied word, sal verskillende predikers, priesters, dominees, evangeliste, pastore, ens. genooi word om die byeenkomste, per geleentheid, te open.

3.3 Christelike beginsels sal toegepas word sonder om teen 'n ander geloof te diskrimineer.

3.4 Geen geloofbeginsel sal op enige leerder, opvoeder of ouer afgedwing word nie.

3.5 Alle gelowe se feesvieringsdae sal gerespekteer word en aanhangers van sodanige geloof sal die geleentheid gebied word om aan sodanige feesvieringe te kan deelneem.

3.6 Dit is die reg van enige ouer, opvoeder en leerder om 'n klag by die Skoolbeheerliggaam in te dien indien enige van bogenoemde partye voel dat daar teen hul geloofsbeginsels gediskrimineer word of dit nie gerespekteer word nie.

3.7 Die begin van die skooljaar en kwartaal sowel as die afsluiting van die skooljaar of kwartaal sal op 'n godsdienstige manier geopen of afgesluit word, op so manier dat dit sensitief is vir alle leerders en personeel.

3.8 Elke skooldag, behalwe Maandae waar daar saalbyeenkoms is, sal met 'n gesamentlike gebed deur leerders en opvoeders begin en afgesluit word.

3.9 Weeklikse saalbyeenkomste word met 'n boodskap en sang geopen.

3.10 Alle ander byeenkomste wat deur die skool gereël word, mag met 'n gebed geopen en/of afgesluit word.

3.11 Opvoeders sal elke oggende van die week op 'n roterende basis 'n godsdienstige of inspirerende gedagte in die personeelkamer deel en bid.

3.12 Leerders en opvoeders wat nie aan die Christelike geloof behoort nie of ongemaklik voel met hierdie gebruike, kan vir daardie spesifieke tydstip verskoon word en die lokaal verlaat.

## 4. BEVORDERING VAN VERDRAAGSAAMHEID

Die skool poog om verdraagsaamheid en verstandhouding tussen leerders of die verskillende godsdienstige groepe op die volgende wyses te bevorder:

4.1 Godsdienstige waarnemings

4.2 Geen diskriminasies teen leerders of opvoeders op grond van hul geloof

4.3 Voorbeeld van opvoeders

4.4 Weeklikse byeenkomste wat gepaard gaan met gebed en die sing van godsdienstige liedjies

4.5 Leiers van kerke word uitgenooi om deel te hê in die byeenkomste. Die bekendstelling en leer van verskillende godsdienste word deur middel van die kurrikulum in klasse aangebied.

# Laerskool GERICKE Primary

Owenstraat 37 | Ceres | 6835

Telnr.: 023-312 1110 | Faksnr.: 023-316 1924

E-pos: admin.gericke@lando.co.za | Webwerf: http://lsgericke.com


Ons, die personeel, leerders en ouers, erken dat dit ons verantwoordelikheid is om 'n omgewing daar te stel waarin die evangelie op 'n nie-diskriminerende wyse uitgeleef kan word.

**Hersien en goedgekeur in CERES op 13 / 5 2024**

**Handtekeninge:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Voorsitter: P. Morkel** | **T. Du Toit** | **E. Laubscher** | **J. Redelinghuys** |
| **L. Meyer** | **M. Rix** | **M. Von Bentheim** | **N. Karsten** |
| **J. Rabe** | **F. Viljoen** | **S. Selders (skoolhoof)** | |

**Kringkantoor: Kring 5 (Kaapse Wynland):**

____________________